**WERKKAART 2**

**MODULE 1**

**Voltooi die volgende vrae in jou werkboek.**

Lees die teks "Ons Sonnestelsel" in module 1 (p. 3).

1. Skryf twee kappiewoorde neer wat in die teks voorkom.
2. Soek woorde in die teks wat dieselfde betekenis het as die volgende:
   a) sommige
   b) miskien
   c) duidelik
3. Soek uit die leesstuk ŉ woord wat die teenoorgestelde betekenis het as die volgende woorde:
   a) dof
   b) klein
   c) vuurwarm
4. In die volgende paragraaf is daar spelfoute waar die kappie óf ontbreek óf verkeerd gebruik is, en leestekens wat kort. Skryf die paragraaf oor en verbeter die spelling en leestekens gebruik.

   **Onderstreep** die woorde wat jy verbeter het.

> Sandile en Adelle besluit om op ŉ reis deur die ruimte te gaan maar eers wil hulle ŉ reis om die wereld maak Hulle gaan moreôggend vroeg ry na hulle eerste bestemming toe en daar is vier brue waaroor hulle moet ry
>
> As hulle klaar om die wereld gereis het gaan hulle van die aarde na die maanwereld Mecurius toe Adelle het gese sy wil graag Venus wat die blink Aandster of Morester genoem word besoek

5. ’n Sin begin met ’n hoofletter. Daar is wel ’n uitsondering.
    a) Kyk op **bladsy 7** na die illustrasie en skryf die woord, wat die uitsondering is, neer.
    b) Hoekom is dit ’n uitsondering op die reël?
6. Lees die strokiesprent *Droommasjien* op bladsy 8.
    a) Skryf ’n vraagsin neer.
    b) Skryf ’n bevelsin neer.
    c) Skryf ’n uitroepsin neer.
    d) Skryf ’n stelsin neer.
7. Lees weer die fabel, “Krokodil is snoep met water” in  module 1 (p. 10) deur.
    a) Skryf twee hoofwerkwoorde neer wat in die eerste paragraaf voorkom.
    b) In watter tyd is die laaste sin in die eerste paragraaf geskryf?
    c) Skryf die laaste sin in die eerste paragraaf oor in die toekomende tyd.
8. Skryf die moeilike woorde in *Piekfyn-woordeboek* (p. 25) in alfabetiese volgorde.      )

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.